Die Voortrekkers
HOU KOERS

INTREEKURSUS
KURSUS - A: Doelwitte en Standaarde
MEI 2010

INTREEKURSUS VIR VOLWASSENES

MEI 2010

KURSUS SE SLEUTELDOELWIT

Om die volwassene wat by Die Voortrekkers betrokke wil raak bekend te stel aan Die Voortrekkers en die bydrae wat hy/sy kan lewer met hom/haar uit te klaar.

BEPALENDE DOELWITTE

a) Om die volwassene te motiveer vir die rol wat hy/sy in Die Voortrekkers kan speel ten einde die kultuur van die Afrikanervolk met sy Christelike karakter binne die Suid-Afrikaanse/Namibiese opset uit te bou.
b) Om 'n basiese kennis van Die Voortrekkers by die volwassene te vestig sodat hy dit positief kan weergee aan ander volwassenes in die gemeenskap.
c) Om die volwassene geleentheid te bied om homself met Die Voortrekkers te vereenselwig.

AKTIWITEIT 1: INLEIDING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger tuis te laat voel in hierdie kursusaanbieding.

STANDAARDE
a) Dat die kursusgangers mekaar en die aanbieders sal ken voordat die kursus verder aangebied word.
b) Dat die kursusganger sal besef dat hierdie slegs 'n bekendstellingskursus is in die algemene beginsels van Die Voortrekkers.

AKTIWITEIT 2: VOORTREKKERVIDEO

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger 'n oorsig van al die handelinge van Die Voortrekkers te gee.

STANDAARD
a) Dat die Voortrekkervideo aan die kursusgangers vertoon word.
b) Dat die kursusgangers 'n kort terugvoering gee van hulle ervaring oor die inhoud van die video.
c) Stel die Toekomsvisie 2020 en die Toekomsplan 2013 aan die kursusgangers bekend.

AKTIWITEIT 3: GRONDBEGINSELS

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die grondbeginsels van Die Voortrekkers aan die kursusganger deur te gee.

STANDAARD

a) Dat die kursusganger kennis neem van die inhoud van die Grondslag, Wese, Doelstellings en Kode van Die Voortrekkers, hom daarmee vereenselwig en dit maklik kan weergee.
b) Dat die kursusganger sal verstaan hoe tipiese Voortrekkeraktiwiteite presies by bogenoemde aansluit en die ABC van Die Voortrekkers verwesenlik word.

AKTIWITEIT 4: LIDMAATSKAP

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die lidmaatskap van volwassenes met die kursusganger uit te klaar.

STANDAARD

a) Dat die kursusganger kennis sal neem hoe hy as offisier, staatmaker, heemraadslid of jeugvriend by Die Voortrekkers betrokke kan raak
b) Dat die kursusganger sy verantwoordelikheid as volwassene binne Die Voortrekkers met die gepaardaande gedragskode sal verstaan.
c) Dat die kursusganger 'n aansoekvorm om lidmaatskap as volwassene sal ontvang, deurgaan en aan die einde van die kursus sal invul en teken.

AKTIWITEIT 5: VOORTREKKERDRAG

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger bewus te maak van Voortrekkerdrag

STANDAARD

a) Dat die kursusganger die soorte Voortrekkerdrag sal kan uitken.
b) Dat die kursusganger sal verstaan wat die basiese verskille in gebruik van aktiewe en formele Voortrekkerdrag is.

AKTIWITEIT 6: ORGANISASIE

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die organisasie van Die Voortrekkers in breë trekke aan die kursusganger tuis te bring.

STANDAARD

a) Dat die kursusganger kennis neem van die oorhoofse organisasie van Die Voortrekkers.
b) Dat die kursusganger presies sal weet hoe die organisasie op kommando en veldkornetskapsvlak werk en waar hy inpas.
c) Dat die kursusganger kennis neem van sy betrokke kommando se kommandoreëls en algemene gebruike.
d) Dat die kursusganger kennis sal neem van die gedragskode van Die Voortrekkers.

AKTIWITEIT 7: HULPBRONNE

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger bewus te maak van die verskillende hulpbronne in Die Voortrekkers.

STANDAARD

a) Dat die kursusganger bewus sal wees van kommunikasie in Die Voortrekkers dmv webwerf, e-pos, omsendbriewe, inligtingsbriewe en inligtingstukke in die kommando.

b) Dat die kursusganger kennis neem van die algemene literatuurstukke in die Voortrekkers
c) Dat die inligtingstuk “Dit is Die Voortrekkers” aan die kursusganger beskikbaar gestel word en waar nodig sal aanvul by die inhoud van u aanbieding.

AKTIWITEIT 8: PAD VORENTOE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om geleentheid aan die volwassene te bied om gemaklik by Die Voortrekkers aan te sluit.

STANDAARD
a) Dat die betrokkenheid as spanoffisier, dagbestuurslid, heemraadslid, jeugvriend of staatmaker met die kursusganger uitgeklaar is en ‘n lidmaatskapvorm ingevul is.
b) Dat die kursusganger gemotiveerd verder aan kursusse van Die Voortrekkers wil deelneem.
c) Dat die kursusganger aktief by die volwasse groep van die kommando ingesluit word.
d) Dat die kursus sinvol afgesluit word.

Dankie vir u aanbieding en sterkte met die volwassenes in u gemeenskap!